November 2022
Select-plan

Geagte Lid

**VOORDELE VIR WERKENDE LEDE EN PENSIOENARISSE VIR 2023**

Transmed stel hiermee die Fonds se voordele vir 2023 bekend. ‘n Voordelegids is saam met hierdie brief ingesluit om u te help om te verstaan hoe om die mediese voordele op u gekose plan die beste te bestuur.

**Indien u van plan wil verander**

Indien u huidige voordeelplan nie meer aan u en u gesin se gesondheidsorg-behoeftes voldoen of deur u begroting gedek word nie, kan u dit oorweeg om van plan te verander. Lede kan hul voordeelplan een keer per jaar met ingang van 1 Januarie verander. Verwys asseblief na die voordelegids vir meer besonderhede oor die proses om te volg as u na ‘n nuwe plan wil oorskakel. ‘n Plankeusevorm is hierby ingesluit indien u u voordeelplan vir 2023 wil verander.

Die voltooide vorm moet die Fonds teen nie later nie as 31 Desember 2022 bereik.

Lees asseblief die inligting wat voorsien is sorgvuldig deur voor u u voordeelplan vir 2023 bevestig.

**Voordele vir 2023**

Die individuele voordeellimiete is verhoog in lyn met verwagte tariefverhogings.

Die toerusting- en prosteselimiete is verhoog in lyn met die huidige koste van toerusting en prostesisse.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediens-departement by 0800 450 010 en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

**Bydraeverhogings vir 2023**

Die Select-plan het hoër as verwagte eisekostes vir die eerste paar maande van die jaar ervaar, wat druk op die algehele finansiële prestasie van die plan geplaas het. By die besluit oor bydraeverhogings vir 2023 moes die Fonds dus die volhoubaarheid van hierdie plan oorweeg, met inagneming van die abnormaal hoër eisekostes.

Die bydraekoersverhoging wat nodig is om 'n herhaling van die hoë eisekostes in 2023 te dek, is as 14.6% bereken. Die Fonds het egter begrip vir die moeilike ekonomiese omgewing tans en die verdere finansiële druk wat op lede geplaas sal word indien die Fonds hierdie bydraeverhoging implementeer.

Daarom het die Fonds, na behoorlike oorweging en met inagneming van die feit dat alle aanduidings is dat die eisekostes oor die laaste twee maande nou na normale vlakke begin terugkeer het, besluit om 'n bydraeverhoging van 9.5% te implementeer. Dit is gegrond op die huidige inflasionêre vooruitsig en die siening dat die abnormaal hoë eisekostes nie noodwendig herhaal sal word nie.

Lede moet egter daarop let dat die Fonds die prestasie van die Select-plan noukeurig sal monitor en moontlik 'n verdere bydraeverhoging in 2023 sal moet oorweeg indien die huidige eisekoste-vlakke styg.

*Vervolg op keersy*

Traduna House, 118 Jorissen Street, Braamfontein 2001 PO Box 2269, Bellville 7535
Traduna House, Jorrisenstraat 118, Braamfontein 2001 Posbus 2269, Bellville 7535
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2020 or/of 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2024 or/of 0800 450 010 (Working Members and Pensioners/ Werkende Lede en Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2026 (Service Providers or/of Diensverskaffers) Fax/Faks 011 381 2041/2 Email/Epos enquiries@transmed.co.za Website/Webtuiste: www.transmed.co.za

Die Fonds wil lede verseker dat elke poging aangewend sal word om so 'n verhoging, indien dit nie verhoed kan word nie, ten minste so laag as moontlik te maak.

Die voordelegids vir 2023 voorsien volle besonderhede oor die bydraes.

**Kinderafhanklike-bydraes vir studente**

Lede word daaraan herinner dat kinderafhanklikes wie 21 tot 24 jaar oud is, by ‘n geakkrediteerde opvoedingsinstelling studeer en nog afhanklik van die hooflid is, vir bydraes vir kinderafhanklikes kwalifiseer.

*Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.*

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die 24-uur-voorafmagtigingsdiens (tolvry by 0800 225 151) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys tydens ‘n noodgeval en wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is elke dag vir alle toelatings beskikbaar en na-ure, oor naweke en openbare vakansiedae tydens noodgevalle.

**Ambulansdiens**

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak Europ Assistance asseblief by 0800 115 750. Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Hello Doctor**


Hello Doctor is ‘n selfoongebaseerde diens wat u voorsien van direkte toegang tot gekwalifiseerde dokters vir gesondheidsadvies en -inligting op u foon, tablet of rekenaar.

Indien u mediese raad benodig, versoek 'n oproep of aanlyngesprek deur by ons app of webtuiste aan te teken. Andersins kan u *120*1019# skakel en die aanwysings volg. Vir tegniese ondersteuning, stuur 'n WhatsApp-boodskap na +27 73 778 4632.

**Ten slotte**

Ek wil u en u gesin namens die Raad van Trustees ‘n gesonde en voorspoedige 2023 toewens.

Vriendelike groete



**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE